# Inhoudsopgawe


1. INLEIDING....2
2. GESKIEDENIS VAN BORANE....3
3. STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID....4
4. OMSKRYWING....7
5. VERSKILLE TUSSEN MANLIKE EN VROULIKE DIERE....11
6. ANATOMIE....14

# 1. INLEIDING

'n Goeie keurder word gekenmerk deur 'n aantal belangrike eienskappe:

- 'n Drang om beeste te "ken".
- 'n Duidelike beeld van die vorm en funksie van die ideale tipe bees.
- 'n Goeie sin vir waarneming en die vermoë om dit wat waargeneem is te onthou en in konteks te bring met die breër prentjie.
- Die vermoë om dit wat op die lewende dier waargeneem word deur te trek na die eindproduk – die karkas aan die haak.
- Die vermoë om alles wat waargeneem word tydens die proses van beoordeling saamte voeg in 'n logiese gevolgtrekking of plasing.

## 2. GESKIEDENIS VAN BORANE

The early 1960's saw the first attempt to bring Boran to South Africa. A Kenyan farmer, Miles Fletcher, farmed Boran cattle and sheep on part of the ranch Sugoroi near NaroMoru, Kenya. In 1962 he decided to immigrate to South Africa with the intention of establishing a Boran herd in South Africa. He transported over 100 herds down to Zambia, where he received news from the Rhodesian Veterinary Services that he would only be allowed to move the progeny of Boran he bought down from Kenya, through Rhodesia to South Africa. In 1963 Miles abandoned his attempt and sold his Boran to Agricultural Enterprises Ltd, a subsidiary of Zambezi Ranching Corp Ltd., situated in the Choma district, Zambia. Their brochure states "Today the Demo Borans are unequalled in Zambia…. the nucleus of the herd having been purchased from Mr. Miles Fletcher who is one of the foremost breeders in Kenya.



On reading an article on embryo transfers and the revolutionary role it would play in the transfer of genetics from disease sensitive areas, Mile's great nephew Simon Hodgson, realized that the importation of Boran had now become a possibility. In 1991 Simon Hodgson contacted The Kenya Boran Cattle Breeders Society (KBCBS) expressing interest in importing Boran into South Africa. In December 1991 the president of the BCBS, Giles Prettejohn extended an invitation to Simon to find a suitable candidate from South Africa to judge the Boran at the 1992 Nairobi Show – the initial step in increasing the awareness of Boran in South Africa. Douglas Ralfe accepted the invitation and together with his son, Tim, flew up to Kenya and judged the Boran at the Nairobi show.

They then spent ten days as guests of the KBCBS visiting the prominent Boran ranches in Kenya. Douglas was impressed with the Boran – "They were of a good type and were very suited to the environment they were being farmed in. When we visited the Mutare ranch we saw a herd of about two hundred red cows and calves, and approximately 50 meters away the same number of white cows and calves. What fascinated us was the great herd instinct shown by the cattle as they did not attempt to mingle even though there were only two herdsmen. It is without doubt the best sight of cattle I have had the privilege to see. Given the other wonderful characteristics that the Boran has, we decided then and there to import the Boran into South Africa."

In August 1995 Department of Animal Improvement recognized the Boran as a breed. On 17 May 2003 the Boran Cattle Breeders Society of SA was founded.

## 3. STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

**Algemene Voorkoms**

Die Boran is ‘n gemiddelde of medium raam dier met goeie bespiering en gewig vir ouderdom. Die liggaamssamestelling is in perfekte balans. Daar is ‘n groot verskil tussen die grootte van die koei en die van die bul as in ander rasse. Bulle is groot en manlike, terwyl koeie kleiner en baie vroulik is. Beide geslagte vertoon tipies Boran karaktertrekke (skof, kapasiteit, vel, bespiering, kop, bek kondisie, stert, haarkwaliteit, ens.

**Kop**

Kompak en wyd tussen die oë. Prominente, dik oogbanke. Ore is relatief klein met kort hare. Die bek is wyd en die onderste diep met sterk lippe. Die oë, ore, mond en neus is gepigmenteer. Daar is ‘n groot verskil tussen die bulle en koeie.

**Nek**

Diep met goeie lengte. Goeie aanhegting voor agter. Bulle se nekke is sterk, dik, goed bespierd en donkerder in kleur (*effek van testosteroon).* Koeie se nekke is fyner, droog en nie noodwendig donker in kleur nie. Die keelvel moet nie oorontwikkeld wees nie, soos in die geval van die bul.

**Skouers**

Diep, breed, goed stewige aanhegting. Vurgbare koeie se skouers is redelik los.

**Skof**

Reguit bokant en in lyn met voorste bene.

**Rug en Lende**

Lank, wyd, reguit, sterk en goed bespierd.

**Bors en Middelstuk**

Wyd en diep. Goed gevul agter skouers en elmboog. Die ribbes is goed gevorm, diep en leun oor na die agterkant van die dier. *Wanneer na dit van agter gekyk word, moet dit nie rond of platsydig woorkom nie.* Middelstuk het enorme kapasiteit (lengte, diepte en breedte). Diep lies.

**Skede**

Nie groot en vlesig nie,  Hoek van skede moet mik vir die pypbeen.  Sfinkterspiere duidelik en goed ontwikkeld.  'n Prolaps word bevestig wanneer die interne lamina gedurig uithang en derhalwe verdroog en verdonker

**Bors**

Oor-prominente skouerknoppe is ongewens.  Borsstuk breed, maar nie prominent nie. Soos in die bul, maar nie so massief en breed nie.  Prominente borsstuk wat  'n swaar vet neerslag toon is ongewens.

**Stert**

Die stertwortel is goed aangeheg (nie te diep of bobbejaan-stertwortel nie). Die stert is lank en word nouer na die punt wat eindig in 'n dik, goed gepigmenteerde kwas.

**Dye**

Moet wyd en goed gevul wees met goeie spiere wanneer dit van die kant of van agter besigtig word.

**Agterbene**

Moet wyd en sterk wees met goeie hoeke.  Die beenstruktuur moet nie fyn of te grof wees nie.

**Kootgewrig en Kloue**

Kootgewrigte moet sterk wees en word gewys deur die hoogte van die bykloue.  Die kloue moet goed gepigmenteerd wees.  Rolkloue en duiftonigheid word nie toegelaat nie.  Die gewig moet eweredig deur altwee die kloue gedra word.  Die voorbene moet reguit wees.

**Vel en Hare**

Die vel moet dik, los en beweeglik wees, verkieslik met goeie pigmentasie.  Die vol moet bedek wees met kort, blink, olieryke hare.

**Spene en Geslagsorgane**

Die uier moet goed ontwikkel wees met medium grootte spene. Die vier kwarte moet in verhouding met mekaar wees, sowel as produktief. Die vulva is goed ontwikkel en gepigmenteerd.



**Loop Vermoë**

Die Boran moet gemaklik kan beweeg met genoeg beweeglikheid en veerkrag. Die bene en die kloue bly parallel tot mekaar en swaai nie binne of buite toe nie.

**Temperament**

Die Boran is kalm, mak en maklik om te bestuur en hanteer. Koeie met kalwers moet beskermend wees.

# 4. OMSKRYWING

1. **Woordomskrywings**
   - Hipoplasie – Onderontwikkeling van ‘n teelbal / teelballe.
   - Kriptorchidisme – Retensie van ‘n teelbal in die lieskanaal of buikholte.
   - Hermafrodiet – Trassie (tweeslagtig)
   - Prolaps – Uitsakking van voorhuid of ander interne struktuur / orgaan.

2. **Vet**

   In baie gevalle, veral in die skou- en veilings-opset, word diere aangetref wat oordrewe gevoer is. Dit mag aanleiding gee tot latere komplikasies en kan lei tot sub-fertiliteit en funksionele ondoeltreffendheid. Geen dier behoort geplaas te word indien die volgende waarneembare tekens aanwesig is nie:

   Vroulike diere

   - ♀ Vetaanpakking op die wangbeen. Sy vertoon vlesig en swaar in die onderkaak.
   - ♀ Die borsstuk vergroot met geen duidelike keelvel wat die borsstuk omvat in ‘n duidelike plooi nie.
   - ♀ Die nek vertoon nie meer lank, slank en sierlik nie. Skofontwikkeling is ook waarneembaar.
   - ♀ Die skouerbeen is bedek met oormatige vet.
   - ♀ Die heupbeen is bedek met ‘n harde laag vet.
   - ♀ Op die sitbene en die omtrek van die stertwortel is ‘n waarneembare vetneerslag.
   - ♀ Onder die vulva , ± 8 cm, ontwikkel ‘n ovale knop vet.
   - ♀ In die area voor die uier, is daar ‘n waarneembare neerslag van vet aanwesig.
   - ♀ Die flank of die lies vertoon en voel pap en dik.

   Manlike diere

   - ♂ Die borsstuk vertoon pap en swaar met ‘n voorwaartse dalende helling sonder enige keelvel plooi.
   - ♂ Die heupbene is bedek met ‘n harde neerslag van vet.
   - ♂ Die flank of lies is pap en dik.
   - ♂ Die skrotum het geen goed gedefinieerde nek nie.
   - ♂ Die bul se hele wese ontbreek aan krag, vitaliteit en normale manlike aggressiwiteit.
   - ♂ Gedefinieerde prominente bespiering ontbreek met ‘n gepaardgaande pap gladde voorkoms.
   - ♂ Vetaanpakking op die stertwortel – sitbeen area.

3. **Kapasiteit**

   *Kapasitiet = Lengte x Breedte x Diepte*

Die begrip kapasiteit omvat in wese die “inhoud” van die dier in terme van lengte, breedte en diepte. Diepte moet egter nie verwar word met hoogte nie.

**4. Kwaliteit**

Kwaliteit word gemanifesteer deur die volgende :

- Gehalte, tekstuur van vel, haarkleed en been.
- Skoon, oop en karaktervolle kop.
- Die wyse waartoe alle liggaamsdele met mekaar in balans is.
- Die algemene onderhoud en/of afronding van ‘n dier.

Die teenoorgestelde van kwaliteit is grof en plat.

**5. Balans**

‘n Gebalanseerde dier gee die indruk dat elke liggaamsdeel in harmonie is en simmetries by mekaar aansluit. Dit verseker eenvormigheid en balans in lengte, breedte, diepte, bespiering en kwaliteit. Balans beteken nie dat die onderlyn parallel met die toplyn loop nie.

**6. Konstitusie**

Konstitusie is ‘n inherente erflike komponent wat ‘n dier in staat stel om onder verskillende omgewingstoestande volgehoue doeltreffende produksie en reproduksie jaar na jaar te kan handhaaf, ongeag enige stremmende effek wat sodanige produksie op die dier mag uitoefen. Konstitusie verwys dus na aanpasbaarheid, lewenskragtigheid, gehardheid en funksionele doeltreffendheid van die dier. Konstitusie word onder andere gemanifesteer deur die volgende visuele aspekte:

- Sterk, breë bek met groot neusgate.
- Borskas wat vol en breed en nie geknyp is nie.
- Borsomvang wat diep en vol is.
- Goeie sprong van frontale en laterale ribbes.
- Breedte deurgaans, naamlik die borsvloer, middelstuk en agterkwart.
- Die algemene struktuur van die raamwerk wat vorm en grootte aan die dier verleen.

**7. Been**

Beweeglikheid, loopvermoë of gang is van kardinale belang by enige bees. Die bene moet dus so korrek wees dat loopvermoë nie benadeel sal word nie. Die “hoeveelheid” been, met ander woorde die dikte van die been, moet voldoende wees vir die grootte van die dier – nie te grof of te fyn.

**8. Grootte**

Raamgrootte behoort nooit ‘n primêre seleksiedoelwit te wees in enige teelprogram of in die skouring nie.

**9. Bespiering**

Die belangrikste plek om bespiering te evalueer is die dikte van bespiering op die voorarm, omdat vet nie hier aangepak word nie. Die verspreiding van bespiering oor die liggaam van die dier moet egter ook evalueer word.

Manlike diere

Die bul moet deurgaans sterk gedefineerde bespiering toon, veral op die nek, skof, frontale ribbes, voorarm, tweede dy, agterknie en boonste gedeelte van die skeen. Rug en lende egalig breed en bedek met dik spier . binne- en buitelyne diep en vol. Mik ruim, lank en vol.

Vroulike diere

Bespiering in die vrugbare koei is glad en nie prominent of gedefinieerd nie. Binne- en buitedye diep en vol. Melkspieël ruim, lank en vol.

**10. Geslagsegtigheid**

Manlike diere

Die bul moet kragtige, sterk, robuuste manlikheid openbaar in sy karakter en wese. Genoemde eienskappe moet sigbaar wees by wyse van goed gedefinieerde bespiering en goed ontwikkelde gelykhangende teelballe met ‘n duidelike gedefinieerde nek.

Vroulike diere

Die koei moet ‘n netjiese verfyde vroulike voorkoms vertoon ten opsigte van alle liggamsdele. ‘n Tiperende wigvorm met gladder bespiering as die bul, is ‘n voorvereiste. Die uier moet goed ontwikkel wees, sag en soepel, met goedgeplaasde spene van voldoende grootte.

**11. Strukturele korrektheid**

Strukturele korrektheid speel ‘n belangrike rol by alle diere, aangesien dit nou gekoppel is aan ‘n dier se aanpassingsvermoë en as sulks ‘n belangrike invloed het op die ekonomie van produksie. Hierdie eienskappe kan as volg uiteengesit word:

| Gewens : |
|---|
| Breë, sterk en wye bek, met breë onderkaak en tande wat goed teen die kussing van die bokaak sluit. |
| Skouers wat goed aangeheg is en wat die dier in staat stel om ‘n vrye en gemaklike gang van die voorbene te handhaaf. |
| Stewige sterk rug en lende. Moet nie oordrewe hol of krom wees nie. |
| Lang en goedgeplaasde ribbes vir voldoende kapasiteit en sprong van rib. |
| Kruis met goeie lengte van heup- tot sitbene. Nie te plat as gevolg van draaibene wat te hoog geplaas is nie. |
| Goeie breedte tussen die sitbene. |
| Goeie breedte tussen die draaibene. |
| Sterk, droë en stewige hakke met geen neiging na sekel-, koei- of regophakkigheid nie. |
| Stewige, sterk kootgewrigte wat nie te slap, te regop, styf of sponsagtig vertoon nie. |
| Kloue van voldoende grootte, kompak, goed gerond, diep met ‘n gelyke vloer. |
| Voorbene, reguit met geen neiging na X-benigheid of uitermate na-buite-gedraaide-voorpote nie. Oneweredige slytasie van die binnekloue is gewoonlik ‘n aanduiding van strukturele swakheid in die skouers of voorbene. |
| Bene is van uiterste belang. Diere moet in staat wees om vry en maklik te beweeg. Oneweredige beweging van die hakke, regophakke, sekelhakke, te slap kootgewrigte of te stywe kootgewrigte is eienskappe waarteen gewaak moet word. |
| In die bul moet geslagsorgane goed ontwikkel wees en teelballe moet ewe groot wees, geen aanduiding van onderontwikkeling of enige ander afwyking mag teenwoording wees nie. |
| In vroulike diere moet geslagsorgane van voldoende grootte wees met geen tekens van onderontwikkeling of enige ander afwyking nie. |
| In die vroulike dier moet die uier goeie ontwikkeling toon, kwarte moet gebalanseerd wees, met sterk aanhegtings voor, aan die kant en agter. Enige misvormde spene moet teen gewaak word. |

Die tipiese vleisbees behoort dus ‘n medium-groot dier te wees en moet in ‘n groot mate tekens toon van goeie vrugbaarheid en produksievermoë. Die dier moet beskik oor voldoende bespiering, lengte en breedte van liggaam en strukturele korrektheid.

| Ongewens: |
|---|
| Swak aanhegting van voorkwart en middelstuk. |
| Swak rug en lende. |
| Growwe hakke. |
| Regop hakke. |
| Kootgewrigte te styf en steil. |
| X-bene |
| Uitgedraaide voorpote met kort kootgewrigte. |
| Koeihakke. |
| Skede – lank, slap en slordig |



## 5. VERSKILLE TUSSEN MANLIKE EN VROULIKE DIERE

| BUL | KOEI |
|---|---|
|  | |
| **KOP**<br>Kenmerkend manlik en sterk. Oë goed geplaas en helder met 'n fors, dog kalm, uitdrukkking.<br><br>**NEK**<br>Manlik, met duidelike bespiering. Skerp omlyn met matig-ontwikkelde skof. Moet goed aangeheg wees en netjies saamsmelt met kop en skouers. Verdonkering van kleur op nek en voorkwarte is verkieslik.<br><br>**VOORKWARTE**<br>Skouers<br>Gelyk met rug, goed gespierd, moet vryelik beweeg en goed saamsmelt met die iggaam.<br><br>Bors<br>Oor-prominente skouerknoppe is ongewens. Borsstuk breed, maar nie prominent nie.<br><br>**MIDDELSTUK**<br>Borsomvang<br>Diep, breed met 'n goeie sprong van voorribbes.<br><br>Ribbes<br>Lank, plat en goed gewerwel, lê effens skuins na agter. Diep deur die borsgedeelte.<br><br>Ribbekas<br>Lank en relatief diep, met goeie kapasiteit. | **KOP**<br>Kop moet kenmerkend vroulik vertoon. Oë goed geplaas en helder, met 'n waaksame, dog rustige, uitdrukking.<br><br>**NEK**<br>Van middelmatige lengte, plat met 'n netjiese, uiters vroulike voorkoms. Die nek van die vroulike dier moet nie tekens van donkerder verkleuring in vergelyking met die res van die liggaam toon nie.<br><br>**VOORKWARTE**<br>Skouers<br>Gelyk met rug, nie swaar bespierd, netjies, moet vrylik beweeg en goed saamsmelt met die liggaam.<br><br>Bors<br>Soos in die bul, maar nie so massief en breed nie. Prominente borsstuk wat 'n swaar vet neerslag toon is ongewens.<br><br>**MIDDELSTUK**<br>Borsomvang<br>Diep, breed met 'n goeie sprong van voorribebes.<br><br>Ribbes<br>Lank, plat en goed gewerwel, lê effens skuins na agter.<br><br>Ribbekas<br>Lank en rlatief diep, met goeie kapasiteit. |

| | |
|---|---|
| **RUG (KAMBENE EN LENDE)**<br>Kambene<br>Reguit, skerp en breed.<br><br>Lende<br>Breed en sterk, bespiering prominent. Goed gedefinieer en moet die indruk skep van sterkte. Goed aangesluit met kruis.<br><br>**AGTERKWARTE**<br>Heupbene<br>Taamlik wyd van mekaar, maar nie so wyd of prominent dat 'n indruk van vroulikheid geskep word nie.<br><br>Kruis<br>Lank, breed en effens gerond bo. 'n Effense dakkigheid van beide kante van die stertaanhegting is wenslik, asook 'n effense val vanaf die heupbene tot by die sitbene.<br><br>Sitbene<br>Wyd uitmekaar en effens laer as die heupbene geplaas.<br><br>Draaibene<br>Wyd<br><br>**DYE**<br>Lang en duidelike gedefineerde bespiering moet getoon word in 'n vol binne- en buite dy wat afgaan tot by die hak. 'n Breë tweede dy moet ook teenwoordig wees.<br><br>**STERT**<br>Moet mooi uit die liggaam kom en reguit hang. Stert moet tot ten minste by die hakke hang, en 'n goed ontwikkelde stertkwas toon.<br><br>**GESLAGSORGANE**<br>Teelballe<br>Moet goed ontwikkeld wees en van gelyke grootte, moet laag afhang in die skrotum.<br><br>Skrotum<br>Moet 'n goed ontwikkelde nek toon. | **RUG (KAMBENE EN LENDE)**<br>Kambene<br>Reguit, skerp en breed.<br><br>Lende<br>Prominent, dog glad bespierd. Definiëring van spiere soos in die bul moet nie teenwoordig wees nie. Goed aangesluit met kruis.<br><br>**AGTERKWARTE**<br>Heupbene<br>Wyer van mekaar as in die geval van die bul en sonder enige oortollige vetaanpakking.<br><br>Kruis<br>Lank, breed en effens gerond bo. 'n Effense dakkigheid van beide kante van die stertaanhegting is wenslik, asook 'n effense van vanaf die heupbene tot by die sitbene.<br><br>Sitbene<br>Wyd uitmekaar en effens laer as die heupbene geplaas.<br><br>Draaibene<br>Wyd<br><br>**DYE**<br>Lang, plat en glad bespierd tot by die hakke.<br><br>**STERT**<br>Moet mooi uit die liggaam kom en reguit hang. Stert moet tot ten minste by die hakke hang, en 'n goed ontwikkelde stertkwas toon.<br><br>**GESLAGSORGANE**<br><br>Goed ontwikkelde met geen tekens van infantilisme of misvormigheid. |

**ALGEMENE VOORKOMS**

Groot, goed gebalanseerde en simmetries. Goeie lengte en breedte van liggaam. Uitstaande geslagsegtheid met ‘n mak temperament. Die dier moet kwaliteit en sterkte toon en vryelik kan beweeg op vier sterk bene.

| BUL | KOEI |
|---|---|
| Manlik, robuust en sterk met ‘n goeie houdig en lewenskragtigheid. Goed gedefineerde bespiering moet getoon word oor die skouers, rug, lende en dye. ‘n Middelmatige grootte, goed bespierde bors. Growwe vel, haar en been. Dieper, beter ontwikkelde voorkwart. | Fyner in alle opsigte. Goed, maar glad bespierd. Wanneer in melkproduksie, moet minder gespierdheid vertoon word, en die raamwerk moet meer sigbaar wees. Die agterkwart moet dieper vertoon as die voorkwart, wat ‘n effense tog tipies vroulike, wigvormige voorkoms vertoon. |

**BENE EN POTE**

Die dier moet vierkantig staan en beweeg met ‘n gemaklike, vrye gang.

Voorbene

Sterk, van middelmatige lengte met matige bene. Moet effens inkom vanaf die elmboog tot by die knie, maar moet reguit en vvierkantig geplaas wees van knie tot klou.

Agterbene

Sterk, van middelmatige lengte en matige been. Van die kant gesien, moet die hakke die wenslike hoekigheid vorm. Reguit en vierkantig geplaas wanneer van agter gesien.

Pote

Goeie grootte, ovaal en diep. Kloue moet vorentoe wys met stywe kloutjies van vlesige kleur.

**INTER-KALF PERIODE**

Maksimum ouderdom van eerste kalwing is 42 maande. ‘n Maksimum inter-kalf periode van 730 dae.

**MELKAANDUIDINGS, UIER EN SPENE**

In die vroulike dier moet genoegsame melkproduksiepotensiaal getoon word in ‘n absolute vroulike houding. ‘n Effense verfynde beenstruktuur, ‘n sagte, soepel e gladde vel, ‘n ruim, soepel uier wat hoog na voor en agter op strek, met sterk gladde vel en sterk aangehegte ligamente voor, agter en aan die kant. Hantering van die uier moet soepel en elasties wees, met ‘n fyn, sagte haarbedekking. Are op die uier moet volop en duidelik wees. Eenvorminge spene, silindries in fatsoen, vierkantig geplaas en wat reguit afhang en van middelmatige lente (6 – 8 cm). Melkare moet ank, groot en kronkelend wees en moet in groot melkputte eindig.

# 6. ANATOMIE


VOORLYF
MIDDELSTUK
AGTERLYF
LENDE
KRUIS
Horingkroon
Skof
Voorkop
Oogbank
Oor
Oog & Oogkas
Neusbeen
Bek
Neusspieël
Neusgat
Ribbes
Stertwortel
Sitbeen
Stert
Borskas
Skilpadspier
Keelvel
Onderkaak
Voorarm
Buik
Lies
Pypbeen
Naelvel
Skede
Skede opening
Skrotum
Hak
Stertkwas
Knie
ROMP
Skeen
Kootgewrig
Hoef
Byklou
Hoefkroon


Horingkroon
VOORLYF
MIDDELSTUK
AGTERLYF
Skof
LENDE
KRUIS
Stertwortel
Oor
Voorkop
Vulva
Oog en Oogkas
Neusbeen
Sitbeen
Ribbes
Neusspieël
Neusgat
Bek
Stert
Keelvel
Voorarm
Lies
Hak
Onderkaak
Buik
Uier
Pypbeen
Naelvel
Speen
ROMP
Knie
Stertkwas
Skeen
Hoefkroon
Hoef
Byklou